

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 64 Nr. 2



Augustus 2016

OPVOEDING

TOEKOMS

Na watter mondings lei onderwys die kultuurstroom in SA?

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreekte 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

Filippense 3:13-17

Jaag na die doel

SKRIFLIG

Nie dat ek dit al bereik het of dat ek al volmaak is nie, maar ek jaag daarna om dit te gryp omdat ek deur Christus Jesus gegryp is. – Filip. 3:12

Ek stel nie die eis dat die lewe van 'n Christen net die volmaakte evangelie sal uitstraal nie. Tog moet ons verlang en is dit noodsaaklik om daarna te streef. Ek eis nie evangeliese volkomenheid só streng dat ek hom wat dit nog nie bereik het nie, nie as Christen sou erken nie. Want so sou almal van die kerk uitgesluit word. Daar is immers niemand wat nie deur 'n groot afstand van hierdie volmaaktheid geskei is nie. Baie wat inderdaad nog maar weinig vordering gemaak het, sou dan ook ten onregte verwerp word.

Wat beoog ek dan? Dat die doel van volmaaktheid – waarheen ons steeds koers moet hou – voor oë gehou word ... Want dit is nie geoorloof nie om so met God te onderhandel dat jy 'n deel van wat in sy Woord voorgeskryf word aanvaar, maar 'n deel na jou goeddunke veronagsaam. Want in die eerste plek prys God oral die opregtheid aan as die vernaamste deel in die verering van Hom. Daaronder verstaan Hy eerlike eenvoud van hart sonder opgesmuktheid en geveinsdheid. Dit wil sê: die teenoorgestelde van dubbelhartigheid ...

Elkeen van ons moet na gelang van sy geringe kragte vorder en die ingeslane weg voortsit. Niemand sal soveel teëspoed hê

dat hy nie daagliks ten minste 'n entjie van die pad aflê nie. En laat ons nie wanhoop oor die klein mate van sukses nie ...

Laat ons alleen met opregte eenvoud die oog vestig op ons doel en dink aan die wenstreep. Laat ons nie onself vlei of streef nie. Ook nie toegee aan ons swakhede nie. Maar laat ons steeds daarna strew om beter te word as wat ons is. Laat ons dit doen totdat ons by die goedheid self gekom het ... nadat ons die swakheid van die sondige natuur afgelê het.

Inst. III, 6, 5

Here, ons weet en bely dat ons volharding tot die einde toe net uit genade moontlik is.



IN HIERDIE UITGAWE

Stad van Babel of van God?	4
Aros se nuwe onderwysgraad	6
Kenmerke/implikasies van Christelike onderwys	7
Toegerus en voorbereid	10
Lewensoriëntering: geleentheid of verleentheid	16

Redaksioneel

Historiese grondleggingswerk

Tydens ons 3/4 Maart-kongres is 'n sewetal referate gelewer wat met belangrike onderskeidingsgewerk het, sover dit die opvoeding en onderwys betref. Christelik-gereformeerde onderwys in ons land het sy eiesoortige onderskeidingsgewerk soos wat dit sedert 1652 in SA ontwikkel het, en wat ons tot dankbaarheid stem. Die historiese ontwikkeling is deurslaggewend, aangesien dit die noodsaaklike grondslae gelê het, wat vir enige bedeling van die onderwys belangrik is. Ons mag nie die betekenis van die ontwikkelingsgang, die geskiedenis van reformatoriese onderwys in ons land geringskat nie, al het dit soms met stadiger, maar soms ook weer met heelwat vinniger reëlmaat gepaard gegaan. Ds Noëth het in sy historiese waardering baie klem daarop gelê dat ons hierdie kosbare nalatenskap as 'n erfenis uit God's hand moet waardeer en uitbou. Christelik-nasionale Onderwys, bv., wat oor eeue onder voorgeslagte gevestig geraak het, was uit die staanspoor daarop gerig dit op die beginsels van die Woord en ons gereformeerde belydenis gegrondves sal wees.

Onderwysfilosofiese onderbou

Benewens die begroning van 'n onderwysmodel, moet daar noodwending ook met die filosofiese onderbou daarvan rekening gehou word. Reformatoriese onderwys het ook sy bepaalde onderwysfilosofie, waarvolgens daar op 'n unieke wyse na die mens, geskape na die beeld van God-drieënig, en na die skepping self as die werk van God's hande gekyk word, in die lig van die

Woord. Die mens wat opgevoed moet word om later sy/haar plek in die samelewing te gaan volstaan, moet iemand wees wat op 'n bepaalde wyse toegerus is/word om met verantwoordelike teenoor God, die mensdom en die skepping sy/haar roeping te gaan vervul. Dr Buys het in hierdie verband klem gelê op ons Christelike vryheid om (weer) te kan word/wees wie ons in Jesus Christus is. Dit is belangrik dat ons kinders en jongmense tot hierdie vryheid opgevoed word. Sy insiggewende voorstel behels dat die onderskeid tussen die natuurlike mens, d.w.s. die mens wat nog in die sonde vasgevang is, teenoor die mens wat in Christus vrygemaak is/word aan hulle voorgehou word. Dit het implikasies vir die opvoeding en onderwys.

Afvallige/antitetiese strominge

Terselfdertyd moet ons deeglik bewus wees dat daar afvallige denk- en geestes-strominge, in die wêreld en in ons land aan die werk is, deurdat dit vanuit geheel ander religieus-lewensbeskoulike uitgangspunte werk. In SA self is baie van daardie beskouinge reeds formeel geïnstitusioneel, deurdat dit as't ware op ons kinders/jongmense afgeforseer word d.m.v. die kurrikulum en die inhoud van vakhandboeke soos vir openbare skole voorgeskryf. Ons moet weet dat sodanige geestesstrominge met hulle leerinhoud bedreigend t.o.v. Christelike opvoeding/onderwys staan. Hierdie geestesstrominge, waarvan ondermeer die evolusionisme, humanisme, liberalisme, radikalisme ens., het hulle oorsprong nie in die waarheid van die Bybel nie, maar aan beskouinge wat vanuit die wêreld self opgekom

het. Dit betref veral die beskouinge oor die ontstaan en herkoms van die skeppingsgewerk, asook die plek van die mens daarin. SA is vandag vol van die manifestasies daarvan op haas elke terrein van ons bestaan. Ons verwys hier na beskouinge wat geheel en al verwyderd staan van die Bybelse gesag en uitsprake oor die werklikheid en die mens en wat tot uitdrukking kom in die samelewing.

Uitkomst van kongres

Die kongres het gepoog om die invloed van hierdie geestesstrominge en die gevolge daarvan te probeer aantoon, deurdat 'n ontledende kyk op die historiese ontwikkeling, religieuse begroning en filosofiese onderbou van die opvoeding/onderwys geneem is. Die doel was om die aandag op tendense van die 20ste/21ste eeu te vestig, ten einde die belang van konsekwent Christelike opvoeding/onderwys vir die praktyk te beklemtoon. Verder was daar 'n besondere fokus op die betekenis van die gesin en die kulturele opset daarvan. Kritiese aandag is ook aan die vak Lewensoriëntering gegee. 'n Aankondiging oor die vestiging van die Instituut vir Privaatonderwys het groot belangstelling ontlok. Daarmee is reeds ver gevorder en in 'n volgende uitgawe sal groter aandag daaraan gegee word.

In hierdie uitgawe word volstaan met die plasing van vier van die sewe referate, naamlik dié oor Christelike bouwerk, die kenmerke van Christelike onderwys (met praktiese implikasies), toerusting en voorbereiding in die gesin en dié oor Lewensoriëntering.



Bou Christelike onderwys aan die stad van Babel of aan die stad van God?

*Dr Morné Diedericks, Aros
(Gelewer op 3 Maart tydens die Onderwyskongres te Pretoria)*

Die bouwerk by Babel

U sien, ons almal is besig met bouprojekte. Jy is dalk besig om te bou aan jou loopbaan, studente is besig om aan hulle toekoms te bou deur hul studies.

In die Bybel kry ons ook klomp verskillende groot bouprojekte. Ons dink aan Salomo se groot bouprojekte, die bou van sy paleis en die bou van die tempel. Ek wil veral stilstaan by God se bouwerk asook die bekende bouprojek, Babel.

In Genesis 2 lees ons van God se bouwerk, die vrou. God het die vrou gebou vanuit die ribbebeen van die man. Verder in die Here se Woord leer ons van die vrou wat dui op die kerk en die man wat dui op Christus. God openbaar vir ons hoe daar vanuit die verhouding van die man met die vrou 'n nageslag gebou word en hoe hierdie nageslag 'n samelewing vorm. God bou sy koninkryk met mense, mense wat saam in vrede met mekaar leef. Mense wat mekaar verstaan en ook waardering het vir die diversiteit van die mensdom.

Maar ons ken ook die bekende bouprojek van Babel, wat duidelik nie 'n bouprojek van God was nie, maar van Satan. Alle bouwerk is dus nie goed nie. Vóór Babel in Genesis 10 lees ons van die verskillende volke met verskillende tale wat oor die wêreld gebly het, getrou aan hulle opdrag van God om die aarde te bewoon. Maar dan begin Satan met 'n meesterplan om 'n stad te laat bou met 'n groot toring. Al die mense met verskillende tale het by een plek bymekaar gekom en een taal begin praat. Aanvanklik gaan dit baie goed met die bouprojek. Die mense begin al hoe meer selfvertroue kry,

dermate dat hulle hulself los van God sien. God was nie meer nodig nie, die mense in Babel het gedink hulle is selfonderhoudend. Hulle het vir hulself 'n hemel op aarde probeer bou. Hulle het gepoog om 'n woning sonder God te bou.

Babelse verwarring

Die Here bring dan in Babel 'n Babelse verwarring. 'n Toestand van chaos ontstaan in Babel, niemand verstaan mekaar meer nie, omdat God hulle taal verwar het. Kan ons onself voorstel watter soort verwarring daar in die stad moes gewees het? Die mense in Babel het begin om die kultuur en identiteit van die stad Babel aan te neem. Maar dan kom die verwarring onder die mense in Babel. Niemand verstaan mekaar meer nie. Die verwarring was so erg dat die inwoners van Babel nie kans gesien het om verder voort te gaan met hulle bouwerk nie. Die verwarring het veroorsaak dat die mense mekaar nie meer kon verdra nie, omdat hulle mekaar nie kon verstaan nie.

Die inwoners wat so ywerig meegewerk het aan die stad van Satan en die bou van die toring het sekerlik probeer om binne hierdie verwarring uitkoms te vind. Die inwoners van Babel sou nie net sommer hierdie pragtige bouwerk net so wou stop nie. Maar hulle het tot die logiese gevolgtrekking gekom dat hul enigste uitweg tot oorlewing sou wees om in verstrooiing te gaan, om dit in meer bekende terme te sê: te emigreer.

Vandag se verwarring

Vandag se wêreldkrisis dui ook daarop dat daar tans 'n Babelse verwarring is. Net soos by Babel is



daar 'n oproep binne hierdie verwarring dat daar meer verdraagsaamheid moet wees vir mekaar se verskille. Hierdie oproep tot meer verdraagsaamheid het die afgelope ses dekades in kerke, koerante en akademiese werke weergalm. Nog nooit in die geskiedenis is daar so baie geskryf oor verdraagsaamheid nie en tog neem die religieuse en kulturele onverdraagsaamheid en verwarring toe. Dink maar net aan 'n paar voorbeelde soos:

- Die religieuse aanvalle deur ekstremistiese Islamitiese groepe op Amerika se Wêreldhandelsentrum in 2001.
- Die opkoms van Bokoharam in Nigerië.
- Die terroristiese aanvalle van ISIS en ook die onlangse aanvalle in Frankryk.

Al hierdie dinge dui op die groot verwarring wat daar vandag bestaan in die wêreld. Net soos by Babel verstaan mense mekaar nie. En talle antwoorde en oplossings word op hierdie verwarring gebied, wat net nog meer verwarring en verstrooiing veroorsaak. Die ant-

Vervolg op bl. 5

woorde wat op hierdie verwarring gebied word, verval of in die konserwatistiese, fundamentalistiese afgrensing van die wêreld of in die globalistiese identiteitloosheid.

ISIS en Bokoharam is voorbeelde van die fundamentalisme as reaksie op die verwarring in die wêreld. Net so ook die rassisme wat ons in Suid-Afrika beleef. Hierdie vorme van fundamentalisme en rassisme bied egter nie antwoorde nie, maar bring net meer verwarring.

Aan die ander kant vind ons die globalistiese identiteitloosheid. Voorbeelde van hierdie globalistiese identiteitloosheid sluit in die emigrasiekultuur, die kulturele selfhaat, die feminisme en die kerk se ontkenning van die onderskeid tussen 'n man en 'n vrou.

Soos prof. Danie Goosen van Unisa dit stel: "Onderliggend aan beide standpunte lê egter 'n ironie. Alhoewel hulle graag voorgee om alternatiewe vir mekaar te wees, impliseer hulle mekaar. Globalisme en fundamentalisme verteenwoordig slegs teenkante van een en dieselfde gedagtekompleks: 'n monotone wêreld waarin alles onder die tirannie van 'dieselfde' tuisgebring moet word, hetsy van 'n ongedifferensieerde globaliteit of 'n ewe ongedifferensieerde partikulariteit."

Binne dit alles kan ons sê dat die Babelse verwarring die wêreld getref het, maar die groot vraag is: waar is Babel vandag?

Babel vandag

U sien, die eerste Babel waarvan ons lees in Genesis, wat deur Satan opgerig is, met die doel om die mensdom teen God in opstand te bring was 'n werklike stad. 'n Stad wat 'n mens kan sien, waaraan jy kan vat. 'n Werklike stad met 'n werklike toring. Satan se doel om die mensdom teen God in opstand

te bring het egter nie verander nie. Ons is naïef as ons dink dat Satan altyd net ondergronds werk. Satan se bouwerk by die toring van Babel was reël, werklik, net soos sy bouwerk vandag nog steeds reël, werklik is.

Satan is vandag ook besig om fisies te bou aan 'n stad en die doel van hierdie stad is om teen God in opstand te kom. Wat Satan nog meer opgewonde maak is as sy bouplan selfs in die kerke verkondig word, onder die vaandel van liefde, verdraagsaamheid teenoor mekaar, multi-religiositeit, multi-kulturalisme en dat 'n mens jou identiteit moet opgee.

Die stad wat Satan vandag bou is een groot wêreldstad, 'n globale stad met geen grense nie.

- 'n Stad met een wêreldtaal, wat Jean-Paul Nerrière as 'Globish' beskryf. Hierdie taal is nie moeilik om te verstaan nie want dit het slegs 1000 woorde.
- In hierdie stad is die Ekonomie 'n god en die Ekonomie is die voorsiener. As jy die taal Globish aanneem sal jy ook in die voordele van die Ekonomiegedeelte deel.
- In hierdie stad is die vasstelling van grense boos, daarom mag die Duitsers nie hulle grense sluit vir die vlugtelinge van Sirië nie. Ook nie Italië vir Noord Afrika en Amerika vir Mexico nie.
- In hierdie globale stad is God en God se Woord en sy wet net in die pad.
- In hierdie stad is almal vry om te doen wat hulle wil en is die mens net verantwoordelik teenoor homself.
- In hierdie stad geld die mens se reg, dus 'n menseregte kultuur.
- In hierdie stad mag ek sê wat ek wil en kyk wat ek wil. Soos Deon Maas sê: "Niemand mag vir my sê ek mag nie pornografie kyk nie, dit is my vrye keuse."

God se stad

Maar is ons as Christene dan teen stede en die bou van stede? Moet ons as Christene ons dan onttrek na kloosters. Nee, God is ook aan die bou. Ons lees ook van God se stad, die nuwe Jerusalem wat Hy reeds besig is om te bou deur sy kinders. U sien, omdat Satan se stad geen agting het vir grense nie, kom die stad van Satan en die Stad van God soms so naby aan mekaar. Die een oomblik is jy nog besig om 'n YouTube-video te kyk wat stigtelik is en die volgende oomblik kom Satan se stad op jou skerm na vore. Satan, die meester leuenaar, die meester in die afbreek van grense. Die vader van die leuen het al van die begin af die grense wat God gestel het afgebreek. God sê vir Adam en Eva hulle mag nie die grens oortree en van die boom se vrugte eet nie. Satan laat Adam en Eva twyfel oor daardie grens en die sondeval vind plaas.

Maar, u sien, God bou ook 'n stad:

- 'n Hemelse stad met duidelike grense wat deur Hom gestel word in sy Woord.
- In God se stad is daar nie een swak taal wat slegs 1000 woorde het nie, maar duisende tale, met honderdduisende kreatiewe woorde om God se skepping en God self te beskryf.
- In hierdie stad is God die Versorger en Voorsiener. Mense werk nie vir die ekonomie nie, maar vir God.
- In hierdie stad is die vasstelling van grense 'n gawe van God. Soos ons lees in Deut 32:8: "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel."
- In hierdie stad is vryheid nie "n doen wat ek wil of 'n kyk wat ek

wil nie”, maar vryheid is om te doen wat God wil hê ek moet doen. Ware vryheid is gebondenheid aan God.

- In God se stad is daar mure, grense wat die mense daarbinne se identiteit, geloof en kultuur beskerm, maar daar is ook poorte, vensters wat oop is en edelgesteentes en ligte wat uitnodigend, mooi en rein is.

Ten slotte

Christelike onderwys behoort kinders toe te rus in die bouplan van God, sodat hulle toegerus kan wees om te bou aan die stad van God. Die gevaar is ook dat ons kerk

en Christelike akademici ons visie oor tyd verloor en die verkeerde bouplan begin onderrig, alles onder die vaandel van liefde, verdraagsaamheid, multi-religiositeit en multi-kulturalisme. Christelike skole en Christelike universiteite se doel is natuurlik nie om ons kinders en studente te onderrig in die bouplan van Babel nie, tog is ons wêreld se grootste, beste toring universiteite, wat almal gestig was as Christelike universiteite: Harvard, Yale, Oxford, Princeton, Stanford en ook sommige kweekskole vir ateïstiese akademici. U sien al hierdie universiteite is gebou in die middel van Babel. Hulle vind wonderlike tegnieke uit om al hoe beter en nuwer te bou, maar in die proses is

hulle fondasie besig om onder hulle te verkrummel. Verwarring is besig om in te skop, onordelikheid neem toe en ek dink ons almal sal die betekenis verstaan as ek aanhaal: “Fees must fall”.

Mag ons Christelike onderrig se bouplan wat ons vir ons kinders en studente onderrig deel wees van die stad van God. Mag ons vry en voorspoedig ons werk verrig binne die grense wat God stel en mag ons die grense bewaar en sorg dat daar in die regte stad gebou word. Soos ons lees in Psalm 127: “As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.”



Aros se nuwe onderwysgraad

Hierdie bydrae vanaf Aros ontvang

Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) het akkreditering ontvang vir 'n Onderwysgraad in Intermediêre onderwys (Gr 4-7). Aros het tans 900 studente wat ingeskryf is vir die Graad in Grondslagfase Onderwys asook 'n Diploma in Graad R-onderrig. Met die nuutste toevoeging, die Baccalaureusgraad in Intermediêrefase onderwys lei Aros Afrikaanse onderwysers op vir alle kleuterskole en laerskole in Suid-Afrika, vanaf graad R tot graad 7.

In Januarie 2017 begin Aros met opleiding vir die nuwe graad in Intermediêre onderwys en met die huidige tekort aan onderwysers in Suid-Afrika word die onderwysgraad op die regte tyd infaseer. Die doel van hierdie graad is om studente te bemagtig om die beginsels van die onderwys vir die spesifieke fase te verstaan en om die beginsels in praktyk toe te pas. Die belangrikste komponent van Aros se opleiding is die Christelike begroning wat studente ontvang

om as roepingsgedrewe onderwysers in die klaskamer te staan. Die graad is veral daarop gemik om die student goed toe te rus in die teorie van spesifieke vakke, terwyl die praktykervaring die student laat verstaan wat dit beteken om 'n onderwyser te wees.

Aros se fokus is primêr op kwaliteitsonderwys en dit sluit in moedertaalonderrig, werk-geïntegreerde leer en vakspesialisasie. Dit is om hierdie rede dat Aros se kwalifikasies in Afrikaans volgens 'n afstandonderrig-model aangebied word. Terwyl studente inskakel by skole kan hulle studeer en naweke hulle dosente tydens kontaksessies sien. Vir die nuwe Intermediêre graad kan studente kies tussen twee rigtings, die Wiskunde en Natuurwetenskappe en die Geesteswetenskappe. In die Wiskunde- en Natuurwetenskappe-rigting word studente oor 'n tydperk van vier jaar toegerus met 'n in-diepte kennis in Wiskunde en Natuur-

wetenskap. In die Geesteswetenskappe-rigting word studente toegerus in die vakke Geografie, Geskiedenis en Lewensvaardighede. In albei hierdie rigtings word studente veral in die tale Afrikaans en Engels toegerus.

Die toekomsplanne vir Aros sluit in 'n Graad in die Senior en VOO fases (Gr 8-12), Nagraadse Diplomas in Onderwys (die ou NGOS) en verskillende Honneurs- en Meestersprogramme. By Aros wil ons nie hê ons studente moet 'n graad in administrasie ontvang nie, daarom is ons registrasieprosesse aangenaam en ons studiegidse en handboeke betyds. Ons studente moet nie sukkel om te leer nie, daarom is dit vir Aros veral belangrik om aan sy studente goeie ondersteuning te bied. Onderwys is Aros se passie en kwaliteitsonderwys is sy leuse.

Vir navrae en inligting kan met mev. Talita Lofthouse by 012 332 3227/ hallo@aros.ac.za geskakel word.



Kenmerke van Christelike onderwys/opleiding en die praktiese implikasies daarvan

Prof. Johan van Niekerk
(Referaat gelewer te Pretoria op 3 Maart 2016)

(Opmerking: Onderstaande behels die tweede deel van die referaat soos wat dit as 'n Powerpoint-aanbieding direk aan die gehoor gedoen is, met die nodige toeligting daarby. Die eerste deel het in 'n vorige uitgawe verskyn.)

Kenmerk: Christelike vakonderrig

In Christelike onderwys word alle vakke vanuit 'n Christelike perspektief aangebied en nie net Bybelkunde of Bybelonderrig nie.

Begroning

Via 'n Christelike filosofie en vakfilosofie begrond elke vakgebied in die Skrif aangesien die Skrif die aannames en uitgangspunte onderliggend aan wetenskapsbeoefening bepaal, omdat ons aanvaar dat God die Skepper is wat self die skeppingsordinansies vir Sy skepping vasgestel het.

Aard van vakonderrig

In Christelike vakonderrig leer leerders om God oral te kan sien in Sy skepping, want Sy skepping getuig van Hom.

Dit is 'n lewensverdiepende ervaring om met sodanige oë na die skepping te kyk.

Die rol van Bybelonderrig

Ons ken God uit Sy skepping en nog duideliker uit Sy Woord.

Daarom is die kennisbasis wat die leerder uit die onderrig van Bybelonderrig en Geloofsleer opdoen van groot belang ook vir die res van die kurrikulum.

Dit vorm die agtergrond vir die verstaan van die Skriftuurlike uitgangspunte in die res van die vakke en dit verskaf 'n kennisbasis op grond waarvan sekulêre aannames in handboeke, uitkomstes en kurrikula raakgesien, bespreek en beoordeel kan word.

Implikasie 1

Roeping en Riglyne

Gereformeerde onderwysers en dosente behoort die onderliggende **Skrifgefundeerde vakfilosofie** van hul vakke te ken, leerders kan leer om onderskeidend te dink mbt afvallige beskouings in die vakwetenskap, en die Christelike alternatief kan onderrig.

Implikasie 2

Omdat baie onderwysers/dosente nie vir Christelike vakonderrig toegerus is nie, is die daarstelling van **handboeke en handleidings** wat die Christelike inslag dra so belangrik.

Gelukkig is daarmee reeds 'n begin gemaak, maar daar sal op 'n voortdurende basis hieraan aandag gegee moet word.

Implikasie 3

❖ Die geleentheid behoort geskep te word vir onderwysers/dosente wat die christelike benadering wil aanleer om dit te kan doen op 'n verskeidenheid van wyses wat daarvoor geskep word, bv **aanlynkursusse, kontak-indiensopleiding**, en deur middel van materiale vir **selfopleiding**.

❖ Daar is reeds hiermee 'n begin gemaak, maar dit moet uitgebrei word en doeltreffend bemark word aan diegene wat mag belangstel.

Implikasie 4

Van belang m.b.t. Christelike vakonderrig:

Daar behoort nie 'n hiërargiese rangskikking van vakke in orde van belangrikheid te wees nie, want hulle handel oor God se skepping.



Vakke moet as deel van God se openbaring in die skepping en Sy voorsienigheid onderrig word.

Elke vak moet onderrig word om daardie aspek van die skepping beter te verstaan, asook die skepping in sy geheel.

Die onderrig van vakke moet uitdaag tot diens, en die ontwikkeling en versorging van die skepping.

Vakke moet met mekaar in verband gebring word om die eenheid van kennis en die skepping te toon.

Kenmerk: Beheer

Die verhoudinge tussen die verskeie ampte wat in 'n instelling teenwoordig is, sowel as die eksterne verhoudinge waarin dit tot ander samelewingsverbande staan, kan skeefgetrek word, sodat dit afvallig van die Skepper se struktuurwette daarvoor opereer.

Inmenging

❖ Indien die skool se opvoedkundige struktuur deur inmenging

Vervolg op bl. 8

Augustus 2016

Vervolg van bl. 7

van ander samelewingsverbande affekteer word, is die gevolg 'n afname in die skool se effektiwiteit as instelling van onderrig en leer.

❖ Daarom is dit belangrik om on-behoorlike inmenging in die funksionering van onderwysinstellings vas te stel en in die beheer van die Christelike skool te vermy, sodat die funksionêre hulle ongesteurd aan hul taak kan toewy.

Voorbeeld van inmenging

❖ Ons het eksterne politieke inmenging duidelik in die verpolitisering van swart onderwys in die periode voor 1994 gesien en ervaar vandag nog die ongelukkige effekte daarvan.

❖ Staatskole word erger daardeur geaffekteer.

Eie aard

Onderwysinstellings is onderskeibaar van ander samelewingsinstellings soos sportklubs, kultuurorganisasies, kerk, gesin, vakverbond en staat en het 'n eie funksie wat nie deur enige ander vervul word nie.

Soewereiniteit-in-eie-kring

Deur die handhawing van die skool of opleidingsinstelling se outentieke plek as samelewingstruktuur met 'n eie roeping wat gerig is op onderrig en leer toon ons aan die omliggende samelewing wat die betekenis van 'n vrye onderwysinstelling in 'n vrye samelewing behels; dus wat bedoel word met die begrip soewereiniteit-in-eie-kring.

Interne beheer en verhoudinge

Die onderrig-leersituasie in die onderwysinstelling word georganiseer rondom die mense daarby betrokke, wat die hart van die organisasie vorm en elk 'n onderskeibare rol daarin vervul wat

volgens die eie aard daarvan erken moet word.

Ouers

Ouers is deur die doopbelofte gebonde daaraan om hul kinders binne die verbond op te voed en hulle daarbinne te laat opvoed. Daarom tree hulle volgens hul oeramp as bewakers en toesighouers van die religieuse rigting van die skool op en moet hulle sorg dra dat die beheerliggaam van die skool deur godvresende en bekwame ouers vir die taak beman word.

Onderwysers

Onderwysers gee die leerders rigting in die ondersoek van die skeppingswerklikheid in die onderrig-leersituasie, wat Christelike vakonderrig as benadering tot die onderrig van die kurrikulum insluit in lyn met die religieuse rigting van die skool waarvoor die ouers toesig hou.

Administrasie

Dit is nie goeie praktyk om die administrasie van die skool ook op onderwysers te laai nie, en daarom moet ander persone spesifiek vir hierdie amp aangestel word, sodat onderwysers op hul gestelde roeping kan fokus.

Ampsbenadering

Volgens hierdie ampsbenadering tot die uitvoering van die skool se taak is daar spesifieke magte en verantwoordelikhede aan alle ampte in die skool gekoppel (selfs die amp van leerder wie se taak is om te leer) en kan die skool volgens hierdie benadering goed funksioneer sodat die onderrig-leertaak glad uitgevoer word.

Implikasie 1

Vir die onderwyser/dosent impliseer Christelike onderwys dus dat hy of sy nie oor vryheid beskik om na eie goeiddunke die religieuse rigting van die onderrig te hanteer nie, maar volgens die bepaalde rigting

van die instelling (Indien 'n skool soos deur die ouers vasgestel).

Implikasie 2

Christelike privaatskole en opkomende private universitêre en ander hoër onderwys-instellings sal grondliggend moet nadink oor hulle Skriftuurlike roeping in die vasstelling van hul beheerstrukture, aangesien dit 'n bepalende rol sal speel in hul verhoudinge tot ander samelewingsverbande (soos die kerk, staat, volk, en vakverbond) en in die interne verhoudinge binne onderwysinstellings. Verknegting bring probleme mee.

Kenmerk: Bestuur

Uit Gen 1: 28 blyk dat die mens as rentmeester oor die skepping aangestel is, en alle werk, ingeslote onderwys- en bestuurswerk grond ook in hierdie heerlike roeping om vir God en mekaar in die Koninkryk te werk. Enige verandering om ons roeping en ampsbediening as profeet, priester en koning in God se werkplek uit te voer is gevolglik iets wat vermy behoort te word. Daarom is bestuur en leierskap waardeur ons werk in organisatoriese verband rig, organiseer, kontroleer en beleid daarvoor bepaal, van groot belang.

Die belang van bestuur vandag

Die bekende bestuurskundige, Drucker, beskou die ontwikkeling van die bestuurskunde en die vordering in die bestuur van organisasies as een van die uitstaande prestasies van die 20ste eeu.

Bestuur as roeping

"The word in Hebrew for work and for worship is the same, *avodha* and is best translated into English as 'service' (Green 2005: 37). It describes the heart of the creational intention of work which mankind was commissioned to do." Uit die aard van die relasionele aard van

werk in verhouding tot God, medemens en skepping, blyk die belang van bestuur en leierskap in die uitvoering van ons daaglikse roeping. Dit gaan oor diens!

Aard van bestuur

Binne onderwysinstellings behoort bestuurders diens te lewer deur optimale omstandighede te skep waaronder onderrig en leer kan gedy deur die aanwending van materiële en menslike hulpbronne.

Bestuursake

Ons moet voortdurend hervorm aan die leierskapstyl, organisasiekultuur, beleide en wyse waarop ons beplan, organiseer en kontrole uitoefen in ons instellings. Ons moet ook Christelik optree betreffende personeelaanstellings, personeelontwikkeling, konflikthanteling, stresbestuur en die baie ander sensitiewe bestuursaangeleenthede wat ons moet hanteer.

Die hantering van mag

Die hantering van mag in die verhoudinge tussen die onderskeie ampte tot mekaar in Christelike onderwysinstellings is veral van

belang in bestuur. Magsoorskreiding geskied wanneer een amp op die terrein van 'n ander oortree en daardeur belemmerend optree.

Amp

Elke amp moet die roeping van die spesifieke amp behoorlik uitvoer en nie magsoorskreidend inmeng nie, want elke amp beskik oor die volle mag van die amp om roepingsvervullend op te tree ten opsigte van eie verantwoordelikhede. Bestuurders wat inmengend optree of swak leierskap verskaf, kan te wagte wees dat die ander ampte daarteenoor sal reageer.

Implikasie 1

Christelike Onderwysbestuurs- en leierskapsopleiding is van belang vir Christelike onderwysinstellings om die nodige leierskorps op te lei vir die bestuur van eie instellings, sowel as instellings in die breër samelewing. Indiensopleiding en selfopleiding is maniere waarop aan die behoefte voldoen kan word, indien sodanige opleiding nie genoegsame studentegetalle by eie instellings kan trek nie.

Implikasie 2

❖ Die aanbieding van allerlei kortkursusse en werkswinkels in die talle bestuursvaardighede wat mense in die werkplek in die algemeen benodig, kan deur sommige instellings oorweeg word.

❖ Die haalbaarheid daarvan kan ondersoek word, aangesien slegs sommige van die Christelike onderwysinstellings reg geposisioneer mag wees.

Implikasie 3

Die Christelike Bestuurskunde moet uitgebou en bevorder word, en in Christelike onderwysinstellings praktyk gemaak word.

Implikasie 4

Die onderskeie ampte werksaam binne die onderwysinstelling moet elk hul eie verantwoordelikhede en die grense daarvan ken, en roepingsvervullend optree met betrekking tot die eie verantwoordelikhede. Daardeur kan mag op die regte wyse aangewend word in roepingsvervulling.



Perspektiewe uit Prediker

'n Studie met meditasie oor die sin van die nuwe lewe in Christus

A. Snyman: Uitgegee deur die outeur, pp. 236+ (2^{de} hersiene uitgawe). Verkrygbaar by die outeur, Posbus 29084, Danhof, 9310. Tel. 051 436 3405. Sel. 074 215 3070. E-pos: asnyman44@gmail.com

Die outeur gee aandag aan Prediker se uitgebreide argument met die kontemporêre vertolkers van die tradisionele wysheid wat verstar het in 'n wettisistiese toepassing. Die opvoedkundige leidraad dat die goeie beloon en die kwaad gestraf word, word dan 'n maatstaf waarvolgens 'n religieuse oordeel uitgespreek word. Wat met jou gebeur is die enigste rigsgnoer waarvolgens besluit word of jy glo of nie glo nie, of jy God dien of nie. As kwaad of 'n ramp oor jou kom, dan het jy gesondig of teen God oortree of jy glo nie. As dit met jou goed gaan, jy sukses behaal, voorspoed ervaar, dan word besluit dat jy vroom en opreg lewe, dat God jou seën. Uit die gevolge bereken jy jou geloof in terme van meriete/verdienste of gebrek daaraan. In hulle denkraamwerk is daar geen moontlikheid vir uitsonderings nie. Tereg verset Prediker hom teen hierdie verstarring en ander problematiese vertolkings wanneer hy verskillende kwessies en gebeure wat hy in sy lewe gesien het, aanroer. Hulle almal wys op die teendeel van sulke verstarde prediking dat die regte handelswyse nie altyd op loon afstuur nie, net soos in die Boek Job waar 'n vroom en opregte man

volgens God se getuigenis teenspoed ervaar (Job 1). Prediker giet sy waarneming in die vorm van gedigte met die refrain "alles is sinloos", wat herhaaldelik voorkom.

Na 'n inleiding oor die aard van die Boek Prediker en die literêre tegnieke daarin aangewend – dit is algemeen in die Ou Nabye Oosterse wysheid gebruik – word nou elke gedig uitgelê om die leser op die hoogte te bring waaroor elkeen gaan. Let daarop dat die indeling van die gedigte deur die outeur self gedoen is, en hy volg die Bybel Direkte Vertaling (BDV). Op hierdie deeglike fondament volg dan 'n meditasie uit die Nuwe Testament beredeneer, waarin dit telkens benadruk word dat sonder Christus hierdie lewe inderdaad sinloos kan voorkom en dat slegs in Christus sin in die lewe gevind kan word. Die Christen behoort te besef dat hy/sy die lewe uitgebeeld vind soos dit werklik is, as jy nie rekening hou dat sin alleen in Christus gevind kan word nie. Dit maak nie saak waarom die Prediker sy gedagtes laat gaan nie: korrupsie, omkoopgeld, rykdome, armoede, arbeid, onreg, politieke mag, verdrukking, naywer of jaloesie, vergelding, klasseverskille, dis-

kriminasië, risiko's, goddelike en menslike wysheid en die onbegryplikheid van God en sy werke.

Tot die verdienste van die outeur is dat hy baie kommentare benut het om 'n handige gids tot Prediker tot ons beskikking te kon stel. Dit doen egter nie afbreuk aan die bydrae van sy werk wanneer 'n leser steeds opmerk dat die Boek ons steeds voor probleme stel nie. Vgl. net die teks van BDV wat gebruik is, teenoor die 1983AB en 1953AB. Dit word meer opvallend wanneer Engelse vertalings bygetrek word. Die resensent twyfel sterk daaraan dat ons iewers voor die wederkoms 'n finale verstaan van Prediker sal kry. Tog slaag die outeur uitnemend daarin om op 'n helder wyse sy beleving van die inhoud weer te gee. Daarom kan die werk hartlik aanbeveel word vir persoonlike Bybelstudie of deur Bybelstudiegroepe wat aandag aan Prediker wil gee. Vir die resensent was dit 'n wonderlike ervaring om die werk deur te gaan met die oog op die resensie en vir sy persoonlike verfrissing in Prediker.

Resensent: prof. SJKP (Fanie) Riekert



Toegerus en voorbereid: Christelike vorming met die oog op 'n post-Christelike en post-moderne lewenskonteks

Prof. Johan Bosman, Afrikaanse Protestantse Akademie, Pretoria

Ek praat heel eerste oor die gegewendheid van Christelike vorming al dan nie. Dan wil ek aandag vra vir die huidige leefkonteks waarbinne Christelike vorming plaasvind, om dan af te sluit met fokus op Christelike vorming in die huidige leefkonteks.

Kinders, vra dikwels die mees fundamentele vrae. Wat is jou spontane reaksie as my Anri, sê maar op 5-jaar, sou lostrek met

“Waar is God?”

Sou jy dalk soos een mamma antwoord?

“Oral.”

“Is Hy ook in die slaapkamer?”

“Ja.”

En in die sitkamer? “Ja.”

Selfs hier in die kombuis? “Ja.”

Dan kyk sy om haar rond in die kombuis, af na haar voete, dan op na jou, met oë wawyd van verwondering:

“Staan ek op God?”

Uitdagend nê. Reguit vrae. Eenvoudig geformuleer. Ver bo ons vuurmaakplek. Tog die sleutelvraag van alles: “Wat, of heelwat beter, Wie is regtig daar?”

1. Die gegewendheid van Christelike vorming al dan nie

Elke gesin is ontwerp om kultuur te beoefen en 'n kultuur te wees.¹ Taal, gewoontes, tradisies, en menige onuitgesproke vooronderstellings vorm alles deel van die ontstaan en bestaan van elke gesin. Sonder twyfel – noodwendig – word kinders en jongmense gevorm en geslyp in die kultuur van die gesin.

Christelike vorming ontspoor egter in die gesin – ten minste op twee maniere. Trek gerus die lyn vir jouself deur na skool en kerk. In die eerste plek ontspoor die Christenskap van die gesin indien Pa of Ma of beide in opstand leef teenoor God, hetsy blatant of subtiel. Die kultuur van so 'n gesin weerspieël dan wat in die Bybel duidelik uitgewys word as ongelooft, sonde en rebellie.

In die tweede plek, wat vandag veel meer algemeen onder Christene voorkom, is die feit dat gesinne heel dikwels in die naïewe waan leef asof daar glad nie so iets soos kultuur in die gesin bestaan nie en asof daar geen verhouding tussen die omringende kultuur en die lewe van die gesin bestaan nie. Die resultaat? Die gesin word onbewus op sleeptou geneem deur 'n bepaalde omgewingskultuur, hetsy plaaslik of wêreldwyd. Onbesproke is dit dan belangriker om in tel te wees met 'n bepaalde gangbare kultuur as om in alles God te verheerlik met danksegging en gebed.

Laat ons goed beseef. Indien die kultuuropdrag van die gesin verzaak word, sal die vakuum wat ontstaan, beslis nie lank leeg bly nie. Wie jou vertrekpunt neem in die drieslag van Christenskap, naamlik: Skepping, Sonde en Verlossing voel gedring tot erns met hierdie saak. In 'n gevalle wêreld, is daar slegs twee opsies: (1) óf Christelike vorming vind aktief en doelbewus plaas, (2) óf nie-Christelik vorming neem met graagte die taak oor.

Dit gee aanleiding om te dink aan die woorde van die Here Jesus in Mattheüs 12: ⁴³ *En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose*



plekke en soek rus en vind dit nie. ⁴⁴ *Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier.* ⁴⁵ *Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag.*

Dis eenvoudig dwaasheid om kinders en jongmense aan hulleself oor te laat, sodat hulle op hulle eie moet leer of vir hulleself besluite maak, sonder 'n doelbewuste ondersteuningsproses van vorming en begeleiding in konsekwente Christenskap. Wie die jeug laat begaan, kinders en jongmense, nooi as't ware nie-Christelikes om asseblief tog die vorming te doen, met katastrofiese gevolge vir sowel Kerk as samelewing. Die Skrif leer egter nadruklik:

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2).

¹ Wilson, D. 1997. *Standing on the Promises: A Handbook of Biblical Childrearing*. Moscow, ID: Canon

Vervolg op bl. 11

Die implikasie daarvan dat die Skrif ons leer om afwegend en beoordelend om te gaan met die kultuur waarin ons leef en wat onself skep, verplig elke Christen om by die Christelike vormingsproses aktief betrokke te raak, in besonder as dit oor die vorming van die opkomende jeug gaan.

Die gevestigde vormingstrio: gesin – skool – kerk sluit by alle ander aspekte hierdie onmisbare bondgenootskap met mekaar, naamlik: om kultuurinvloede te monitor. Een ding moet vir die kind bo alles duidelik wees. “My huis is veel meer as bloot ’n plek waar ek mag slaap en eet.” “My skoolopleiding wil veel meer bereik as bloot net om uiteindelik self ook geld te verdien.” “My deel wees van ons plaaslike kerk is veel meer as bloot net om te sing en te bid.” “Gesin – Skool – Kerk wil my onderrig en vorm tot *mens van God – vir elke goeie werk volkome toegerus* (2 Tim. 3:16).

Hoewel die vestiging en ontwikkeling van ’n moderne staat hier aan die suidpunt van Afrika aanvanklik op afstand van wêreldneigings in ander wêrelddele plaasgevind het; hoewel die dominante invloed van die Christelike lewensbeskouing hier in Suid-Afrika ’n koersgewende rol bly vertolk het tot so ongeveer 1990; leef ons almal in die bewussyn vandag dat daardie era tot die verlede behoort – as ons niks daaraan doen nie, dalk vir goed.

2. Die huidige leefkonteks waarbinne Christelike vorming plaasvind

Waarmee moet Christelike vorming in die huidige leefkonteks rekening hou? Om daarvoor helderheid te kry, is nodig om iets van die historiese kultuurvloei in te sien, wat ons huidige leefkonteks help vorm het.

Die wêreld het sedert 1652 drasties verander. Die wêreld het so drasties verander dat die persoon wat hier reg langs jou sit as’t ware ’n eie wêreld verteenwoordig. Dis ’n wêreld met enige skakering en/of vermenging van ’n verskeidenheid koersbepalers.

Hoewel daar reeds aan die begin van die 20e eeu waargeneem is, dat konsekwente Christenskap, hier in Suid-Afrika, aan dominansie verloor, is dit vir seker iets van die verlede vanaf 1990.² Nie net die wortel van die Afrikanervolksbestaan nie, maar ook die wortel van die Suid-Afrikaanse nasionale bestaan het ’n metamorfose ondergaan, om ons by radikale nie-Christelikheid uit te bring.

Die volgende analise³ lyk van waarde vir ons onderwerp.

In die sogenaamde “Westerse” kultuurstroom, waarvan Suid-Afrika ’n substroom vorm, was daar ’n sterk mate van eenheid tot so ongeveer aan die einde van die 17e eeu. Dominikane het verskil met Jesuïete. Jesuïete het verskil met Anglikane en Lutherane, Anglikane en Lutherane het verskil met Gereformeerdes. Gereformeerdes het weer verskil met Anabaptiste en so kan mens tot in die absurde toe volhou oor alles en nog wat, wie oor wat met mekaar verskil het. Daar was maar net soveel onenigheid onder Christene met mekaar in daardie dae as vandag. MAAR, en dis belangrik! Per slot van rekening kan bykans al daardie onenigheid tuisgebring word onder die sambreel van Christelike familiegevegte. Hoekom?

Al die groot spraakmakers van die destyds-dominante kultuurstroom het ’n aantal basiese

oortuigings onderskryf, soos (1) God bestaan regtig soos wat die Bybel oor God praat. (2) God is Persoonlik en Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees. (3) God het Homself in die verloop van die geskiedenis bekend gemaak en kan daarom geken word, sowel deur middel van Sy skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, asook uit sy heilige en Goddelike Woord, wat deur die Bybel aan ons deurvertel word.

Intussen het groeiende inkonsekwentheid die eenheidskultuur van destyds laat disintegreer. Almal het wel geweet waarteen hulle is, maar kon nie konsensus bereik waarvoor hulle staan nie. Fragmentasie het oor die afgelepe aantal eeue kop uitgesteek, posgevat en gevestig geraak.⁴

Die gevolg was dat dit mode geword het om jou aan die eindelose debatte en geskille te onttrek. Daarenteen het ’n lewenswyse posgevat wat die Bybel vervang het met die gesonde verstand los van die Bybel, as betroubare maatstaf vir reg en verkeerd. Soos wat die Bybel weggeskuif is as maatstaf in lewensbenadering is God hoe langer hoe meer ook op afstand beskou van die daaglikse lewe.

Toonaangewende leiersfigure het in die samelewing na vore getree wat hulle nie meer aan godsdiens en tradisie wou steur nie, maar in eie reg sake vir hulleself wou uitredeneer, asof hulle vir die eerste keer – *tabula rasa* – perspektiewe ontwikkel. Dikwels het hierdie denk- en leef-aktiwiteit, sojuis in teenstelling tot en in stryd met die Christelike wortel van die “Westerse beskawing” plaasgevind. Wie goed oplet,

2 Stoker.

3 Sire, J.W. 2009. *The Universe next door. A basic worldview catalogue*. 5e Uitgawe. Downers Grove. IL: IVP Academic

4 Schaeffer, F.A. 19852e. How Should we then live? In: *Complete Works*, Volume 5. Bl. 83-277. Wheaton, IL: Crossway Books.

Vervolg van bl. 11

proe hier 'n wortelverskuiwing weg van die lewe soos wat dit was.

Met die Bybel uit die sentrum van die samelewing en God op afstand het dit in die loop van die 18e eeu byvoorbeeld makliker geword om nie meer van ons goeie God se skepping te praat nie, maar eerder van “moeder natuur”, so asof die natuur los van God ontstaan het. Die durf het in die 19e eeu selfs ontstaan om die bestaan van God geheel te ontken. Verskeie vorme van naturalisme begin seëvier. Ateïsme ding selfs mee as koersbepaler in die Westerse beskawing.

Mense leef asof die bestaan van God geen praktiese waarde het nie. Slegs 'n selfgenoegsame logika en sintuiglike waarneming stel hiervolgens vir ons vas wat bestaan en wat nie. Dit raak nie net Godsbeskouing nie maar ook jou mensbeskouing.

Die begrip ‘humanisme’, byvoorbeeld, ondergaan 'n fundamentele betekenis-verandering. Mens, menswees en menswaardigheid funksioneer nou los daarvan om beeld van God te wees. Gedagtegoed soos sekulêre humanisme, sekulêre wêreld en sekulêre lewe word gemeengoed van die Westerse geestesbesit. Merkwaardig, beleef 'n mens tot op ons dag nie net meesleurende sekularisasie nie, dit kom spesifiek voor in doelbewuste weerwil van Christenskap.⁵

Aan die eenkant verdwyn heiligheid natuurlik uit die samelewing. Maar, laat ons nie vergeet nie. Aan die anderkant open horisone vir nuwe gesprek, omdat die Christelike wortel nie geïgnoreer kan of wil word nie. So begin 'n

totaal ander leefkonteks vorm aanneem waarin God en die Bybel waardevermindering ondergaan het tot uiteindelik alleen maar 'n skepping van menslike vernuf.

Sekerlik die een enkele groot verandering bo alle ander veranderinge vanaf die wêreld soos wat ons voorouers dit in 1652 geken het tot die wêreld wat ons kinders en jongmense vandag leer ken, gaan oor die gedagtedraai dat God nie die mens geskep het nie, maar die mens het ‘god’ en die kategorie van die ‘goddelike’ geskep. Die Bybel word nie meer beskou as die Woord van God nie, maar woorde van mense oor God.

Jy is daarom vandag welkom om jou puur menslike aanbiddingsvoorkeur uit te oefen, solank jy dit in die private atmosfeer van die persoonlike laat plaasvind. Volgens die oorkoepelende leefkonteks vandag deel niemand in al die wêreldwye verskeidenheid dus meer die ‘goddelike’ met mekaar nie, maar sojuis die suiwer menslike in elkeen se persoonlike godsvoorkeur en godsvinding.

Wat is die gevolg?

Noodwendig 'n ander samelewing waarin die Christelike oor tyd en stelselmatig uitgesif wil word van alle vorme van sg. “onbetroubaarheid” oftewel “bygelowigheid” tot alleen maar die suiwer menslike, dit wat slegs natuurlik en materieel van aard is, sonder enige gedagte aan bonatuurlikheid.

Veral onder die invloed van Karl Marx wil almal in so 'n samelewing gelyk wees, dieselfde verdien, dieselfde voordele geniet en op dieselfde vlak van welvaart leef, met die soort inspanning wat aan jou maksimaal plesier verskaf in jou daaglikse arbeid. Die grootste probleem van menswees, volgens so 'n uitgangspunt, is die feit dat daar ongelykheid

heers en klasseverskille bestaan. Afguns en jaloesie sal natuurlik voorkom waar daar 'n skaarste aan lewensmiddele en armoede hoogty vier.

As ons maar die ideale leefomgewing kan skep is die mensdom se probleme verby, so word in hierdie nuwe leefkonteks gereken. 'n Goeie ekonomie en werksgeleentheid, dis die grootste waardes van hierdie soort samelewing.

Gebore in die 18e eeu, uitgebou in die 19e eeu en tot volle wasdom gegroei in die 20e toon teleurstelling op teleurstelling egter hierdie nuwe lewensvisie as radikaal naïef. Intussen staan selfs eerlikheid en objektiwiteit vandag onder doelbewuste verdenking. Wetenskaplikheid self ly al aan moegheid, omdat die nuwe samelewing slegs tot die konsensus kon groei van ongebonde diversiteit en pluraliteit.

Beskeidenheid verplig jou vandag om slegs te praat van 'n bepaalde paradigma, van denkskole, ingeligte en oningeligte opinies. “Jou opinie is mos net so goed soos my opinie.” Meer as ooit te vore worstel die huidige tyd met die vraag: “Wat is die werklikheid?” en die vraag: “Wat is die sin van die lewe?” Voeg daarby nog die vraag: “Wie is reg”; en “Hoekom?”, en jy teug aan die soort lug wat ons kinders en jongmense op die oomblik bewus en onbewus inasem.

Trouens, daar het wêreldwyd 'n lewensgevoel posgevat, wat reken dat alles gewoon sinloos is. Salomo se woorde weerklink in al hulle beproefdheid wanneer hy ons wysmaak: “Tevergeefs. Sonder God is alles tevergeefs.” Toonaangewendes in die sg. “Westerse Wêreld” het egter klaargespeel met God en die goddelike. Terugdraai wil nie maklik nie. Wat nou gemaak?

Vervolg op bl. 13

⁵ Pannenberg, W. 1989. *Christianity in a secularized world*. London: SCM.

Sommige het al die sterwensuur aangekondig van die “Westerse wêreld”.⁶ Ons het skynbaar die nulpunt verbygesteek. Tradisies, gebruike, morele waardes, oorlewering en geskiedenis voel alles vandag bankrot: so sonder betekenis, so sonder basis en ’n geloofwaardige motivering.

Wat bly vir mens oor in ’n wêreld sonder betekenis? Sedert die aanbreek van die 20e eeu word aktief gepoog om aan die sinloosheid van alles te ontworstel. Vorming, in besonder Christelike vorming, wat hierdie diepe worsteling van die huidige leefkonteks ignoreer, het min hoop op relevansie. Omdat jy deel in die suiwer menslike sal jou bydrae wel geduld word, maar jy kan maar vergeet om ernstig opgeneem te word.

Immers die groot antwoord van die 20e eeu was juis: Gegewe al die sinloosheid het mens darem nog jouself en jou eie subjektiewe bewinging daarvan om te bestaan. Halfpad deur die 20e eeu ontwaak intense belangstelling in die menslike en hoe jy as mens betekenis kan vind in ’n wêreld wat andersins sinloos is. Wetenskap en logika word aan die kant geskuif. Hoekom?

Betekenis – menswaardigheid – so word nou gereken, word nie ontsluit deur al die feite van die objektiewe wêreld waarvoor mens geen beheer het nie, maar deur die bewussyn van innerlike bewing waarvoor jy wel volle beheer kan uitoefen. Vryheid – betekenis – waarde is wat jy daarvan maak in jou innerlike bewing, in jou persoonlike binnewêreld.

Jou persoonlike keuse is die uiteindelijke goedheid van die lewe. Dis wat sin maak. Die feit

⁶ *Passion of the modern mind.*

dat jy jou eie belewenisse kies gee ten diepste koers in ’n andersins sinlose wêreld.

So is die weg gebaan om alles wat “Westers” is los te laat. Die begrip “Westers” beteken deesdae onder meer: spanning, oorlog, onopgeloste konflikte, harte-loosheid, ongelykheid, onderdrukking van die massas, ’n doelhof van weerspreking, intellektuele selfmoord, met ’n moderne Christendom wat dit alles skynbaar huigelagtig onderskryf en help in stand hou.

Die 1960’s en veral die 1970’s sien hoedat daar ’n omhelsing plaasvind van Oosterse tradisies deur Westerlinge wat nie meer “Westers” wil wees nie. Immers, die gevaar van “too many mind”, is daar mos al lankal besef en verreken. Toegang tot Hindoe en Boeddhistiese invloede is deesdae maklik. Trouens, invloed vanuit die Ooste spoel sedert die 70’s as’t ware soos ’n onkeerbare tsunami oor Westerlinge, en wel op ’n verskeidenheid van maniere, hetsy in wetenskapsprojekte of bloot net deur die populêre media en kultuur.

“Om te wees” is vandag veel belangriker as “om te weet”, wat nog te sê “eksak en reg te weet”. Waar Westerlinge graag wil onderskei, kategoriseer en definieer, wil die Oosterling graag alle onderskeid oorstyg tot by die besef dat alles wat bestaan ’n eenheid vorm. Hoe meer die besef van eenheid posvat, hoe minder raak die bewussyn van alles. Die regte weg is onbelangrik. Die regte idee is uiteindelik ook onbelangrik.

Ouentieke betekeniswaarde gaan nie oor ’n bepaalde inhoud oftewel waarhede nie. Dis ’n kwessie van eenwording met die eenheid van alles.

Westerlinge is egter so deurdronge met die waarde van individualiteit en persoonlikheid – in besonder die waarde van ’n

individuele menslike lewe – dat Oosterse tradisies op hierdie stadium, by alle eksotiese aantreklikheid, ’n vakuum van onbehae onvervuld laat.

Intussen lyk die Oosterse wêreld ook al meer op die Westerse wêreld, wat die vraag ooplaat of daarin werklik ’n oplossing te vinde is vir die vasgelopenheid van die Weste. Sommige het dan ook eerder begin eksperimenteer met spiritualiteit sonder ’n bepaalde godsdienstige inhoud. Immers, rasegte Oosterse mistisisme vereis dat jy as Westerling geheel moet sterf, en dit wel teen hoë intellektuele koste.

Met net jouself as integrasiepunt, neem jy bietjie hier, gaan haal bietjie daar en bou eklekties ’n eie spiritualiteit wat vir jou werk, soos jy daarvan hou, wat verbruikersvriendelik by jou pas. Dis nou natuurlik vir die oomblik. Mōre hou jy dalk weer van iets anders, dan verander jou smaak en werk alles uiteindelik weer anders.

In die jare negentig was nog sprake van ’n “godsdien wat vir jou werk”, maar dit het intussen heelteltemal verander. Onder invloed van die *New Age*-beweging is dit tans mode om met die spirituele besig te wees.

Veral by hierdie invloede word sterk teruggeval op die evolusie-ideologie, omdat die hoop gekoester word dat daar in ’n allesveranderende irrasionele wêreld transformasie sal aanbreek van ’n geheel nuwe mensheid.

Anders as by die Ooste, is die individu wel van groot waarde. MAAR nes by die Ooste word groot klem geplaas op mistieke belewenis. Trouens, die oeroue geesteswêreld kom met groot krag terug. Wie gedink het dat die antieke heidendom vir goed verby was, leef in ’n waan. Op allerlei maniere leer ons kinders in hierdie soort kategorieë dink, of

hulle byvoorbeeld na *Pocahontus* kyk of na *Avatar*.

Stadig maar vir seker is die duidelike gevolgtrekking besig om pos te vat, dat as God nie meer in die sentrum van alles staan nie, as ons nie meer saam met Paulus daar in Romeine 11:36 kan uitroep nie: “Uit God, deur God en tot God is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen!” of saam met Psalm 36:10 “Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig”; as jy dit nie meer kan doen nie, dan is alles waarlik relatief.

Nie eers Afrika se energieke poging om aan die wêreld te leer dat jy – die individuele mens, mens is, deur mense: *motho ke motho ka batho*, wil oortuig nie. In ’n moribiede Westerse wêreld kommunikeer Afrika vandag meer as ooit naïef. Waar Jean-Jacques Rousseau (1712-1778), die Franssprekende Switserse Filosoof van Genève, Westeringe nog probeer wys maak het, dat daar wesenlike lesse te leer is by wat hy voorgelê het as die “edele barbaar”, weet die post-koloniale wêreld, proefondervindelik vandag, dat barbarisme allermins onskuldig is, wat nog te sê edel.

Die vraag vreet vandag diep: waar op aarde kry jy ’n wesenlik ander mens, as die eeue-oue mens wat maar nog altyd mens deur mense was?

Westerlinge het uitgekome by die onvermydelike insig van hulle kultuuroefening. Daar is nou maar net nie een enkele storie wat die mensdom saambind en koers gee nie. ’n Allesoortreffende storie om aan almal sin te gee, is ’n onmoontlikheid. Mens tel vinnig die onderliggende boodskap in gesprekke op: Moet asseblief tog nie voorgee dat jy so ’n storie het nie! Slegs tussenmenslike konsensus gee vir die oomblik stabiliteit. En selfs dit is ook maar ’n

magspel van mense, waar sommige “meer gelyk” probeer wees as die ander van ons.

Teen die agtergrond van al sulke verwarring, al sulke lamlendigheid, en koersloosheid, kom Islam op die oomblik en sê: “Ons het die antwoord. In ons ekonomiese broederskap is daar nie rente nie. Dis alleen maar daar vir die ‘infidel.’” Logika dikteer: “Allah is net een. Daar is geen ander nie. Kyk gerus maar na ons toewyding, na ons volharding, ja – na ons vordering. Soos wat dit op die oomblik lyk gaan ons Europa nog regeer sonder om een skoot te skiet.”

“Die enigste rede hoekom mense wêreldwyd so ’n bloedbad sien is omdat Westerse maghebbers nie wil aanvaar dat Islam die waarheid is nie. Hulle maak van ons kinders soldate.

Hulle maak van gewone mense lewende bomme en teikens, want Westerse maghebbers pleeg op hierdie stadium nog ontrou teenoor Allah. Ons kom egter ’n verpad. Ons gaan nie so maklik lê nie. Hou maar dop. Die toekomst behoort aan niemand anders nie, behalwe Allah en Mohammed is sy profeet: *Allahu akbar*.”

Hoewel een van die snelgroeiende godsdienste in die wêreld vandag, wat beslis vir sommige uit die Weste aantreklik voorkom, oortuig Islam, by alle simpatie en meriete-erkenning, die meeste net nie, vir seker nie na Dinsdagoggend, 11 September 2001 oftewel 9/11 nie. ’n Donker wolk van ongemak en woede hang oor Islam.

Natuurlik knaag die diepervretende vraag steeds dieper: Is Islam werklik ’n verbetering op die Judaïsme en Christenskap? Is dit, per slot van rekening, nie maar net ’n jammerlike dwaalleer nie, so op voetspoor van Genesis 16:12 – *Jou seun [Ismael] sal ’n man wees so ontembaar soos ’n wildedonkie: hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom*

wees. Hy sal in vyandskap leef met sy bloedverwante.

Daar is beslis nog baie meer te sê. Biblioteke is al vol geskryf oor wat in die afgelope 500-jaar gebeur het. New York Times topverkoper, Jacques Barzun, spreek boekdele met sy titel: *From Dawn to Decadence*. Só som hy die afgelope 500 jaar Westerse kultuurlewe op, waarin die hele planeet se individuele geskiedenis vandag betrek is. Wêreldwyd het ’n tyd aangebreek van morele en lewensbeskoulike anargie.

3. Christelike vorming in die huidige leefkonteks.

Wie met ’n tikkie erns aandag gee, in terugskou op die wêreldwye veranderinge sedert 1652, tot en met die persoon hier reg langs jou, wat teen die agtergrond van die afgelope stroom van kultuuroefening ’n geheel eie wêreld kan verteenwoordig, voel lus om uit te roep: “Wat sal ons van al hierdie dinge sê?”

Natuurlik begin mens waar ons voorouers ook begin het. In dieselfde omgewing waar Paulus dit in sy tyd het oor allerlei verwarring, afvalligheid, verleidende geeste, leringe van duiwels, die geveinsdheid van leuenaars, spoor hy die veel jonger Timoteus aan: *voed jouself met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy ’n navolger geword het. Nadruklik sê hy ’n paar sinne verder: Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor (1 Tim 4:16).*

Elkeen in die opvoedingstrio: gesin – skool – kerk, kan maar weer by hierdie wysheid van die Heilige Gees leer. Christelike vorming, veral met die oog op ’n post-Christelike en ’n postmoderne leefkonteks begin by jôu – jou persoonlike gevormdheid voor

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

die aangesig van God Drie-enig. Dan sien mens dat jy nie binne 'n kokon leef nie en jousef ook nie in 'n kokon kan toespin nie.

Wie wil leer en weerlê, tereg wys en onder wys, doen dit – noodwendig – waar tussenmenslike gedagte wisselinge – waar kultuur plaasvind.

Die gesondheid van die leer kom juis aan die lig, waar die godsaligheid daarvan onderskei kan word, midde die wêreld van menslike idees, gevoelens en gedrag.

Ons Here en Heiland, die Here Jesus, skroom nie om sy Kerk die wêreld in te stuur nie. Hoe anders maak jy dissipels van al die nasies, as sojuis in die weg van lering en weerlegging, in die weg van bevestiging en afwysing, waar mense aan jou die waarheid mag proe wat jy in liefde betrag? Dis immers die heerlijkheid van die evangelie – God se goeie nuus aan sondaarmense – dat jy daarin mag vind – alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees. (Filip 4:8)

Presies dit bedink elkeen wat deur die evangelie van Jesus Christus gegryp is, wie se wêreld radikaal tot God gekeer is, wie soos Paulus kan sê: *Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is* (1 Kor. 11:1). Jy kan jou voor owerhede, godsdienstige strukture en die geleerdes van die wêreld, ja altyd, oral, as gestuurde bevind. Jou geloof streef telkens na verstaan.

Die hoofsaak is nie of daar waarheidsmomente in ander lewensbenaderings is nie. Immers, as mense is ons almal na die beeld van God geskape. Die hoofsaak is of jy konsekwent leef wat jyself ten diepste glo. Net mooi op hierdie punt maak die chaos van ons tyd so seer.

Christene leef nie konsekwent

die Christenskap uit wat hulle bely nie. Daarom keer jongmense hulle rug op wat hulle van Christenskap in die konkrete lewens van mense sien en ervaar. Nie-Christene leef nie konsekwent die heidendom uit wat hulle bely nie. Daarom lyk nie-Christelike leefmaniere aantreklik vir die opkomende jeug.

Wie egter die groot lewensbeskoulike vrae eerlik in die weegskaal plaas, besef dat slegs konsekwente Christenskap hoop bied vir die samelewing en in die besonder vir die “wêreld” van ons tyd.

Ons moet onself daarby eenvoudig afvra: hoe lyk konsekwente Christenskap in 'n tyd waar rasonale argumente net nie meer die ding doen nie?

Laat ons maar eerlik vir mekaar sê, dat ons tyd ander aspekte van die werklikheid benadruk, soos “om te wees” en “belewing”. Christelike vorming het dus nodig om verder te gaan as bloot net 'n paar slim argumente. Dit verg 'n totale manier van lewe, met skoonheid, goedheid en waarheid.

Dat ons voorouers in die NGb art 1 ons Christelike belydenis met God begin het, bly vir my 'n intellektuele uitdaging. Dis 'n belydenis wat nie begin by ons as mense nie, ook nie by ons sogenaamde kennis-probleem nie, maar by Hom – uit Wie, deur Wie en tot Wie alles is.

Is dit nie sojuis die kruks van 'n klein kindjie se vraag nie? *Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, on sienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste Fontein van alles wat goed is.*

Dit kan klink asof 'n klein dogtertjie sê:

Alles is daar.

Daarom bestaan God.

Of jy sien dit, of nie.

Christelike vorming leer nog

dieper bely:

God bestaan.

Daarom is alles daar.

Of jy sien dit, of nie.

Indien die Here Jesus, in sy tyd hier op aarde, radikaal – uit die wortel van sy menswees, vanuit God gebore moes word, en deur die leiding van die Heilige Gees as mens opgegroeï en toege neem het in wysheid, hoe kan ons dink dat dit van ons minder sal verg? 'n Leerling is mos nie bo jou leermeester nie.

Gelukkig het ons in Hom veel meer as bloot net 'n antieke Joodse onderwyser. Dis Hý wat deur sy sterwe en opstanding jou in staat stel, om die kaf van die koring te skei en om 'n lewende getuie van sy heerlike evangelie te wees, reg in hierdie tyd, opreg en deurleef, vir 'n nuwe en grootwordende geslag, met hulle eie unieke aanvegtinge en uitdagings.

Dis hoe gesin – skool – (en) kerk elke kind kan onderrig en vorm tot *mens van God – vir elke goeie werk volkome toegerus.*

Christelike vorming leer

allesomvattend:

God bestaan.

Daarom is daar literatuur.

Of jy besef dit of nie.

God bestaan.

Daarom is daar die musiek van Johann Sebastian Bach.

Of jy besef dit of nie.

God bestaan.

Daarom is daar alles wat mooi is, wat goed is, wat waar is, wat reg is, wat rein is, wat lofwaardig is, wat lieflik is, wat jou ten diepste sielsvervulling gee op elke terrein van die lewe.

Of jy besef dit of nie.

In 'n post-Christelike en 'n post-moderne leefkonteks kom Christelike vorming hierop neer – meer as ooit tevore, om konsekwent, uit God, deur God en tot God te wees en jy beleef: waarlik, syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen!

Lewensoriëntering in 'n multi-religieuse samelewing – geleentheid of verleentheid

Ds. Willem van Schalkwyk van die AP Kerk Heilbron

Inleiding

Wanneer 'n Christenvolk binne 'n multi-kulturele, multi-religieuse, post-moderne, heidense samelewing vasgevang is, het dit nodig geword dat sodanige Christenvolk sal besin, ja ernstig besin oor die onderwys. Die kinders wat God binne die verbond aan daardie bepaalde volk toevertrou, is nie net maar die volk van môre nie, maar in besonder ook die kerk van môre. Daarom moet elke Christenouer besef dat dit wat my kind vandag geleer word, tuis en by die skool, bepalend is vir hoe daardie kind die Here môre en oormôre gaan dien. Een van die grootste bedreigings vir enige volk/kerk se voortbestaan is dat die onderwys van hulle kinders uit hul hande geneem word/is. Daarom is dit nodig dat ernstig na die inhoude van leerplanne gekyk word, en die saak wat op die tafel is, is Lewensoriëntering as skoolvak.

Aard van die staatsonderwys

Daar is ouers/groot-ouers wat dink/redeneer dat 'n vak soos Lewensoriëntering tot voordeel van die ontwikkeling van die kind aangewend kan word. Die naam van die vak sê tog immers dat die kind georiënteer gaan word om op 'n bepaalde wyse na die wêreld te kyk. Mense dink dat dit goed is, dat daar moeite gedoen word om kinders meer te leer oor die realiteite buite die klaskamer. Die probleem is egter: Ons leef binne 'n multi-religieuse staatsbestel en dit bepaal die fokus van die onderwys en ons vertrou daardie kinders daaraan toe. Ons moet konstateer dat ons oor dekades heen gewoond geraak het aan staats-

onderwys, waarin die meeste van ons waarskynlik opgevoed is. In 'n bestel waar die staat verantwoordelikheid neem vir die onderwys, het baie van ons onderwys ontvang waarvan ons moet erken dat ons tog geleer was om die Here op baie terreine van ons lewe te dien. Ons het in 'n tydvak grootgeword waarin ons ouers die staat vertrou het met die inhoude van leerplanne en daar nie eers 'n tweede keer gedink was aan wat ons geleer is nie.

Sedertdien het die situasie radikaal verander. Ons leef in omstandighede waar die staat d.m.v. die onderwys sy ideologie aan ons kinders wil oordra. Anders as in die verlede is die bedoeling van die staat nie om van ons kinders goedopgevoede landsburgers te maak d.m.v. verantwoordbare onderwys nie, maar om d.m.v. die onderwys die kinders se denke in 'n ander rigting te vorm. Ja, Christelike onderwys vorm ook die denke van die kind, maar as die fokus van die onderwys is om die hart van die kind te roof, dan moet ons baie ernstig daarvoor nadink. As die bedoeling is om die kind van God te vervreem, het dit tyd geword om iets te begin doen, te begin optree.

In hierdie referaat word gepoog om aan te toon hoedat Lewensoriëntering presies hierop afgestem is. Die bedoeling en ontwerp van die vak is nie om van die Afrikanerkind 'n goeie Christen-Afrikaner te maak nie, maar om sy denke so te omvorm dat sy liefde vir die Here uiteindelik uit sy hart geroof word. Daar sal aangetoon word hoedat verbondskinders elke jaar van hulle skoolloopbaan gekonfronteer word met 'n onbybelse lewensbeskouing. Deur dieselfde temas jaar na jaar te herhaal word die kinderhart stelselmatig en geleidelik verower



om plek te maak vir 'n nuwe wêreld- en ook nuwe godsdiensbeskouing. Wanneer na die inhoude van die handboeke gekyk word, sal hierdie saak duidelik word.

Inhoud van die handboeke

Daar gaan nie in diepte na al die sake gekyk en elkeen daarvan vanuit die Skrif weerlê word nie, maar vanweë die ruimte slegs 'n oorsig geneem word. Wanneer na die inhoude van die handboeke gekyk word, moet ons verstaan die gevaar van Lewensoriëntering lê nie in 'n enkele sinnetjie in 'n handboek, of selfs 'n enkele handboek wat geskryf is nie, maar eerder in die opeenvolgende versterking van bepaalde waardes en vertrekpunte.

Die gevaar is nie die eenmalige blootstelling aan 'n onbybelse standpunt of iets wat nie Bybels korrek is nie, maar eerder in 'n voortdurende vestiging van Bybelvreemde oortuigings en ideologieë. Elke Lewensoriënteringshandboek bevat dieselfde temas wat jaar na jaar met die kinders behandel word. Dit word net elke keer 'n bietjie verder uitgewerk en versterk. So- doende vind daar 'n stelselmatige

Vervolg op bl. 17

verskuiwing van waardes en van geloofsperspektiewe plaas. Die ruimte gaan ons nie toelaat om in detail oor die sake te handel nie. Ek gaan vir u van die temas wys wat hanteer word en 'n paar opmerkings maak om te toon hoe die stadige verskuiwing plaasvind. Kinders wat in christenhuise grootword, word eindelik, volgens die bedoeling met die vak, tot 'n geheel nuwe oor- tuiging van sake gebring.

A. Selfbeeld

Die eerste afdeling, of tema wat hanteer word is die selfbeeld van die kind. Hier word merendeels gehandel oor die vorming van die kind se selfbeeld, groepsdruk, jou persepsie oor jou eie liggaam en dan natuurlik seksuele gedrag. Enkele voorbeelde kan ons noem. In Oxford se *Suksesvolle Lewens- oriëntering vir graad 5* (:18), word die kind geleer dat 'n goeie ver- houding met ander mense sy selfbeeld verbeter. U hoor dus goed wat ons by die vorige spreker ook gehoor het. Dis 'n honderd persent humanisties, want nie wat ander mense van jou dink nie, maar wat God van jou dink, hoe jy in sy genade staan en hoe jy teenoor Christus se soenverdienste staan, dis mos wat bepaal hoe jy oor jouself moet dink.

Dis veral in hierdie tema waar die kinders jaar na jaar ook met die seksuele gekonfronteer word. Dit geskied op so 'n wyse dat ouers regtig ontsteld behoort te raak oor die goed. Een voorbeeld: in die *Via Afrika-lewensoriëntering vir graad 7* (:34) word kinders geleer om, as hulle seks het, veilig te wees en dan verkieslik by een maat te bly. In die volgende jaar se boek, die graad 8- boek (:161), word hulle geleer dat as jy besluit om seks te hê, gebruik tog net die kondoom reg. Ekskuus dat ek blatant praat, maar dis wat die kinders geleer word. En dit is nou nie eers nodig dat ons hier die Bybelse standpunt oor die saak

hoef te verduidelik of te verdedig nie, want nie in een van die handboeke word daar gesê die groot en almagtige God sê dis net vir die huwelik bedoel nie.

B. Die samelewing

Die volgende tema is samelewing. Hier hanteer hulle diskriminasie en menseregte en mishandeling.

Diskriminasie

In Oxford graad 5 (:39) word riglyne gegee van hoe diskriminasie stopgesit kan word en dan moet kinders gaan leer en meer uitvind oor ander se gelowe en ander se kulture. As die kind dan uitvind dat alle gelowe eintlik iets gemeen- skapliks het, dan stop dit diskri- minasie. Dit klink nou nie so ver- skriklik nie, maar as jy op p. 48, 49 en 69 gaan kyk hoe die verskil- lende godsdienste en kulture aan die kinders geleer word, hoedat dit op dieselfde vlak as die Christen- dom geplaas word, dan raak 'n mens bekommerd. Daar is 'n doel- bewuste poging om van die begin tot die einde die grense tussen godsdienste af te breek en die kinders te begelei om te glo dis almal maar net dieselfde.

Onthou ons leef in 'n multi-reli- gieuse samelewing, wat impliseer nie net een godsdiens is reg nie, maar almal. Jy mag teen geeneen diskrimineer nie, bedoelende jy mag nie sê net hierdie godsdiens is die regte godsdiens nie. Hierdie is 'n tendens regdeur die boeke: Graad 6 Platinum (:78): Verstaan en respekteer uiteenlopende gods- dienste. Deur op verskillende godsdienste se leringe oor *respek* te wys, word die kinders geleer dat alle godsdienste gelyk is en dat hulle almal goeie dinge leer.

Graad 7 Via Afrika (:224), verskil- lende godsdienste se *heilige boeke* en tradisies word hanteer. Deur na ooreenkomste te soek, leer die kin- ders dat almal maar eintlik gelyk is.

Graad 9 Via Afrika (:206), die ver- skillende godsdienste se be- skouing oor *vrede* word hanteer.

En dan word daar selektiewe uit- treksels uit die verskillende godsdienste se boeke geneem en gesê: maar kyk net hier jy verskil nie soveel van Moslem, Hindoe, Boeddhis nie. Daar word nooit na die radikale verskille soos bv. die verlossing in Christus alleen gewys nie, maar op die 'goedjies' wat ons in gemeenskap het.

Dis belangrik om die gevolge hiervan raak te sien. Soos reeds genoem, is die bedoeling om die kinderharte van hulle God te vervreem. Wanneer die kinders van jongs af geleer word dat al die godsdienste se heilige boeke maar eintlik dieselfde boodskap dra en eintlik maar net dieselfde ding is, vestig daar nie geloof- sekerheid in die kinderhart nie. Hoe sal hulle glo dat die Bybel die enigste ware Woord van die lewende God is, as hulle geleer word dat al die boeke eintlik maar gelyk is? Al die boeke leer dan eintlik maar dieselfde.

Meer nog, die gesag van die Skrif word hierdeur aangetas. Om die heilige Woord van die heilige God op dieselfde vlak te gaan plaas as die ander godsdienste se boeke is nie net 'n poging tot sinkretisme nie. Dis ook 'n duidelike aanduiding daarvan dat die Christenkind van sy waardes gestroop moet word, sodat hy ontvanklik sal wees vir hierdie humanistiese, multi- religieuse, multi-kulturele same- lewing en onderwys. Wat verder belangrik en baie duidelik deel is van die manier hoedat ons kinders, kom ons sê gebreinspoel word, is dat wanneer daar na die ander godsdienste se gode verwys word, God elke keer met 'n hoofletter geskryf word. Sien u die gevaar hier? Wanneer my verbondskind die Bybel oopmaak en God met 'n hoofletter geskryf staan, is dit maar net dieselfde is as elke ander god.

Menseregte

Die volgende onderwerp wat onder die tema van samelewing hanteer word, is menseregte. Die boodskap wat die handboeke dra is dat diskriminasie 'n skending is van menseregte. U het pas gehoor dat ons sê jy diskrimineer as jy vir iemand sê my godsdiens is die regte een. Natuurlik as ons van diskriminasie praat gaan dit oor die staat se interpretasie van diskriminasie wat aan die kinders geleer word en so val die klem baie swaar, ook as hulle van menseregte praat, op godsdiens en kultuur. Die kinders word eers geleer jy mag nie diskrimineer teen iemand wat anders as jy glo nie en dan word daar gesê dat dit eintlik 'n skending van daardie persoon se mensereg is as jy sê: Jou godsdiens is nie die regte een nie, of ek stem nie met jou saam nie. Nou moet jy die konsekwensie verstaan. Kinders mag nie geleer word dat Jesus Christus die enigste Verlosser en Saligmaker is nie. Dit is 'n skending van die mensereg van die Boeddhis, die Moslem, die Hindoe en die Afrikaan.

Dominees kan getuig hoedat kinders toenemend kom vra hoe ons kan sê dat iemand wat nie 'n Christen is nie hel toe gaan. Daar word selfs deur kinders vir ons as dominees gevra hoe weet ons ons is reg; is die Moslems nie ook maar reg nie, is dit nie maar net 'n ander naam, soos wat hulle geleer word in die boeke, vir God nie? Kom ek gee nog 'n voorbeeld van hoe hierdie skending van menseregte bo die waarheid van die Skrif verhef word. In graad 8 Via Afrika (:26), staan daar: Sekere kulture, hoor nou mooi, daar word nie gesê Christene nie, maak wette wat skadelik is vir homoseksuele mense. Die grondwet beskerm hulle.

Die boodskap aan die Christenkind is: Die Bybel is verkeerd om homoseksualiteit te veroordeel, maar

weet julle wat: gelukkig beskerm die grondwet hulle teen die Bybel en teen die Christendom. Dis eintlik wat die boodskap is.

Mishandeling

Die derde onderwerp onder hierdie tema van samelewing is mishandeling. Met die hantering van hierdie onderwerp word die kinders regtig verwar. Ons almal ken die staat se standpunt oor lyfstraf en ons weet dat hulle sê as daar lyfstraf toegepas word selfs by die huis dan is dit in stryd met die wet. Kom ons kyk na 'n paar van die handboeke: Kollig graad 5 (:58) sê dat slaan, skop, byt, verwurg en straf mishandeling is. So ongekwalfiseerd word dit gelaat. Ook in die graad 5-boekie van Oxford (:41) word gesê wanneer 'n kind geslaan, geknyp, teen iets gegooi, gebrand word, is dit mishandeling. Sien u wat hier gebeur? Om my kind te slaan, om hom 'n pakslae te gee of hom te straf, word nou op dieselfde vlak gestel as wanneer ek hom sou byt of verwurg of teen 'n muur gooi of met iets brand. Ma's die knyp in die kerk is ook nou uit, want dit staan in die handboeke! Dit kan tog nie?! Die gevolg hiervan is dat ons toenemend hoor, en jy leef seker in 'n vakuum as jy dit nog nie gehoor het nie, dat kinders ouers aankla wanneer hulle pakslae gekry het. Aankla vir aanranding, want dis my mense-reg wat geskend word, sê die skool.

In 'n graad-6 boekie van Oxford, ek kan nie die bladsy onthou nie, is daar 'n prentjie van 'n dogtertjie wat met 'n stywe langbroek en baadjie staan en in haar hand hou sy 'n rokkie aan 'n hanger. In die dinkwolkie dink sy die volgende, min of meer, ek het nou nie die presiese bewoording neergeskryf nie: Ek wens my ma kan verstaan ek is ook my eie individu ek kan ook met 'n broek en 'n baadjie kerk toe gaan, dit sal ook netjies lyk. Sien u wat gebeur: 1) breek ouergesag af; 2) jy beroof die kind se hart van die

waardes wat vir hom/haar in die ouerhuis geleer word. Wat egter interessant is, is dat hierdie saak, hierdie prentjie, onder die afdeling staan van geslagsgebaseerde mishandeling. Die dogter wat nou met hierdie dogter in die prentjie assosieer, verstaan dis geslagsgebaseerde mishandeling as my ma vir my sê ek moet 'n rok aantrek kerk toe en ek wil nie. Waarmee is ons besig? Kan u sien hoe uiters subtiel hierdie goed is? Daar is talle voorbeelde waar gesag en Christelike waardes afgebreek word.

C. Ubuntu/nasiebou

Die volgende tema waarby ek nou nie lank gaan stilstaan nie is ubuntu of nasiebou. Hier val die klem, en u sou die klanke daarvan ook in die vorige referaat gehoor het, op die groep ten koste van die individu. Die individu moet ontwikkel word om die groep te kom dien. Van die Westerse kultuur word gesê: Ons het 'n kultuur van individualisme; dit moet plekmaak vir die Afrika-kultuur van selfopoffering ter wille van die groep. So sal daar bv. in 'n werksopdrag staan: Twee persone begin 'n besigheid, een is 'n inwoner van Afrika en die ander 'n Westering, bedoelende wit en swart. Watter een gaan suksesvol wees? Dan moet die kind begelei word om te verstaan, dit sal nie die Westering wees nie, want hy is te individualisties; hy gaan probeer om die besigheid 'n eenmansaak te maak, dit gaan vou. Maar die Afrikaan, omdat ons ubuntu, omdat ons die groep dien, omdat die groep by die besigheid betrokke is, sal dit 'n sukses wees. Sien u hoe word hierdie sake oorgedra? Ubuntu kan alleenlik bereik word wanneer jy ander se verskille respekteer en onthou alle mense is gelyk. In wese kom dit daarop neer dat jy met jou godsdiens en kultuur nie meer saak maak nie, want die groep is belangriker. Die groep moet gedien word. Ek gaan nie

Vervolg op bl. 19

daaroor verder voorbeelde noem nie.

D. MIV/Vigs

Nog 'n tema wat hanteer word, is MIV/Vigs. Die groot dryf hier is natuurlik om die kinders te leer om seks op 'n veilige manier te beoefen. Daar is nêrens, nie op een plek, sprake daarvan dat die Here sê dit mag nie; buite die huwelik mag die seksuele nie beoefen word nie. In die handboeke word eerder gesê dat die kinders veilig moet wees en dan word dit selfs prakties in die klas gedemonstreer hoe om die voorbehoedmiddels te gebruik.

Gedagtig aan die uitgangspunt oor diskriminasie en menseregte, word selfs die tema van MIV/Vigs misbruik om skuldgevoelens by kinders te kweek. In Kollig graad 5 (:173) staan: Mense met MIV/Vigs sal langer leef as jy jou houding teenoor hulle verander. Nou ja! As ons ons kinders daaraan blootstel, is dit nie net swak onderwys nie, maar ook 'n leuen.

Miskien net 'n laaste woord oor die handboeke. Sommige mense word beswaarlik beweeg om op grond van 'n beginsel te reageer en daarom is dit nodig dat 'n mens sodanige mense skok sodat hulle in beweging sal kom. Indien u nog nie beweeg is om hierdie geloofsbedreigende gevaar vir die verbondskind in te sien nie dan is dit dalk nodig dat jy geskok word.

En dames verskoon my asb., maar dis wat vir graad 7 kinders in die Via Afrika-boek geleer word. Twee goed: (p. 26) as jy swanger word kan jy 'n aborsie oorweeg, (p. 28); Vigs word oorgedra deur vingerseks, mondelingse seks, anale seks, vaginale seks. Dit alles vir graad

7-kinders, laerskoolkinders, van Christenouers.

Evaluering

Verstaan u wat met die handboeke bereik wil word? Die tema van die referaat is *Lewensoriëntering in 'n multi-religieuse samelewing: geleentheid of verleentheid?* Ons het nou die inhoud in 'n voëlvlug gehoor en baie kortliks gesê hoedat dit aangewend word om ons kinderharte te roof. Ons ontken nie, en mag nooit ontken, dat ons leef in 'n multi-kulturele en veral multi-religieuse samelewing nie. Wat egter bevraagteken moet word is die blinde wyse waarop ouers hulle kinders aan hierdie invloede blootstel. Die feit dat ons in 'n multi-religieuse samelewing woon, is geen rede of verskoning dat ons kinders daagliks met hierdie goed gebombardeer moet word nie.

Wat belangrik is om by hierdie saak in ag te neem, is dat 'n kind 'n kind is en daarom nie die onderskeidingsvermoë het om tussen wat reg of verkeerd is te kan onderskei nie. In die kerk laat ons kinders eers in hulle voorlaaste jaar van skool tot belydenisaflegging toe. En ons doen dit nie omdat ons snaaks probeer wees of oor watter ander rede nie, behalwe dat hulle dan eers, omdat hulle deur die Verbonds-onderrig gegroei het in hulle geloof, hul geestelike staanplek met verantwoordelikheid in die gemeente kan kies en inneem. Maar in die skool, daar laat ons toe dat kinders daagliks gebombardeer word met sake waarvoor hulle nie opgewasse is nie en waarvan die meeste ouers nie die Bybelse antwoord kan gee nie. Om te redeneer, en ek het dit gister weer gehoor, dat ons hierdie goed by die huis kan regstel, of dat ek my kind net reg moet leer, is om die minste te sê naïef. In die meeste huise waar beide ouers vandag moet werk

om te kan oorleef, is daar eenvoudig net nie genoeg tyd om al die verkeerde, waarvan jy die helfte nie weet nie, reg te stel en die kinderhart te wapen en daarteen te pantser nie.

Ons moet verstaan dat 90% van die inhoud van die handboeke van Lewensoriëntering handel oor etiese sake, maar wat binne die skoolverband op 'n suiwer humanistiese wyse aan die kinders geleer word. Wanneer hierdie humanistiese siening oor etiese sake in die kinderhart gevestig geraak het, het die waarheid van God se Woord sy krag in hulle lewens verloor.

Reeds uit bogenoemde kort opsomming van die doelstellings en die gevolge van die vak Lewensoriëntering is dit duidelik dat 'n Christen, 'n kind van die Here, nie sy verbondskind mag blootstel aan 'n onderwysstelsel waarin die oogmerk is om die verbondskind van sy Verbondsgod te vervreem nie. In hierdie vak lê daar 'n besliste bedreiging vir die geloof van die verbondskind.

Geleentheid of verleentheid?

Na aanleiding van die bogenoemde en die enkele voorbeelde wat ons hier genoem het moet ons erken dat vir elke Godvresende gelowige hierdie vak inderdaad 'n verleentheid is. Dis 'n verleentheid om te dink dat duisende Christene in ons land hulle kinders weerloos blootstel aan die bombardering van hierdie soort onderwys.

Meer nog, dis 'n verleentheid vir die Here. Dis 'n verleentheid, want die groot almagtige God wat deur 'n woord te spreek die heelal geskape het, word gelykgestel, dieselfde gemaak, as nietige, mensbedinkte afgode. Dis 'n verleentheid, want die mense wat sê dat hulle aan die Here behoort se kinders se skoolopvoeding getuig nie daarvan

nie. Daar is nie meer konsekwente Christenwees nie.

Die vraag is nou, wat is die alternatief? Wat moet 'n Christenouer doen wanneer hy hierdie goed hoor? Dan gryp jy die geleentheid aan om die hart van jou kind te red. Ja, 'n vak soos Lewensoriëntering bied 'n besondere geleentheid vir die gelowige. Dit bied 'n ontsaglik goeie geleentheid om vanuit jou liefde vir die Here en die liefde vir jou kind te gaan soek na 'n alternatief in die onderwys. 'n Alternatief waar jou kind Christelike onderwys kry wat geanker en gewortel is in die Christelike geloofsleer.

Die geleentheid is nie daarin geleë dat ons 'n Christelike sousie gooi oor 'n vak soos Lewensoriëntering nie, maar dit is geleë in die radikale reformasie van my hart en my denke. Die geleentheid is dat Christenouers self besluit wat die inhoud is van die vakke wat aan my kind geleer moet word. Ja waarlik, hierdie is 'n geleentheid om vir die Here op te staan, hierdie is 'n geleentheid om vir Hom standpunt in te neem. Hierdie is 'n geleentheid om voor die wêreld te gaan staan en te sê:

My kind se hart behoort aan die Here. Ek sal nie toelaat dat dit weggeroof word nie.

Ten slotte


Christelike waardes hoort by Christelike kinders, maar wanneer Christelike kinders deur die loop van twaalf jaar blootgestel word aan heidense waardes en gebruike, wanneer hulle die teken word van humanisties-gedrewe onderwys, wanneer hulle deur hul ouers weerloos hieraan blootgestel word, dan verflou die liefde vir die Here in die hart van die kind. Staatsonderwys is nie meer 'n opsie vir die kinders van gelowiges in Suid-Afrika nie. As ons liefde vir die Here vir ons in hierdie saak erns is, en ons doopbelofte vir ons belangrik, sal Christelike onderwys vir ons die enigste alternatief wees. Christelike onderwys, want dit is wat Godvresende ouers behoort te doen. Hierdie is nie 'n saak van opinie of voorkeur nie, maar van beginsel.

Naskrif

Ek het 'n naskriffie geskryf, want ek dink daar is tog 'n enkele perspektief wat daarop nagehou moet word, waarvoor ek nie in die voordrag plek gehad het nie. Dit

is dat daar nog werklikwaar, ook in staatskole, Christen-onderwysers is wat probeer om hierdie verskriklike vloedgolf van heidense inligting so 'n bietjie meer aanvaarbaar aan te bied. Daar is onderwysers wat werklik poog om hierdie inligting met 'n Bybelgetroue aanslag oor te dra. Daarvoor moet ons in groot dank en waardering teenoor hulle dit erken.

Dit is egter belangrik dat daarmee rekening gehou word dat ook dít die kind verder kan verwar. Wanneer 'n gelowige onderwyser aan die kind sekere dwalinge in die handboeke uitwys, kan dit daartoe bydra dat die kind nie meer weet wat waar is en wat nie, wat hy moet glo en wat nie. Wanneer ons bloot maar die staat se goed probeer verchristelik kan ons die kind ook tot so 'n mate verwar dat hy ook nie meer weet wat van dit wat hy lees in die boek kan hy glo nie.

Verder moet onthou word dat al hierdie goed in die handboeke staan en dat die kind dit daar lees. En omdat dieselfde tema jaar na jaar hanteer word, smeer hierdie goed tog met verloop van tyd op die kinderhart af. 

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof
H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A.
Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks
(Pretoria) en Ds R. Bain (Potchef-
stroom).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes